### *Die beter insig van Jurah*

**199** **Die ander** sê: "Jy is weliswaar altyd die versigtigheid self, en versigtigheid is die moeder van die wysheid, maar hier lyk dit nie of jy dit reg gebruik nie! Want ons het ook `n bietjie mensekennis, en hoe langer ons die ondersoeker gadeslaan, des te meer verdwyn elke gedagte dat Hy iets kwaads ten doel het! Ek, jou mede-afgevaardigde, het voorheen my ore baie gespits, en het baie gehoor van die geheime bespreking van die ondervraer met Cyrenius. Dit het slegs betrekking gehad op `n ligte besorgdheid oor die moontlikheid om ons van ons waansin te genees! Die tempel moet ons indirek op lafhartige wyse heeltemal verkeerd ingelig het oor die Messias en oor die Romeine, waardeur ons nou `n blinde angs vir hulle het, en ons regte en goeie geloof vir hulle verberg!

[2] Op ons weg hierheen het ons tog wel die geleentheid gekry om die Romeine wat oral aanwesig is, gade te slaan, en ondanks al ons sluwe navrae kon ons nêrens iets ontdek, waaruit op te maak sou wees dat die Romeine werklik so onmenslik is nie. Inteendeel hoor ons altyd dat hulle allerweë baie ongedwonge is en dat hulle die beste beoordeling ter wêreld het. Jy sê wel altyd: 'As hulle by hierdie geleentheid onmenslik sou wees, dan sou hulle dit wel baie goed weet om voorlopig voor die oë van die wêreld te verberg en om nie voortydig onrus onder die volk te saai nie!” Maar die mening deel ek nie. Elke mens behoort tog altyd aan `n familie wat hulle verdwyning tog wel sou moet merk, en daarna sou gaan navors waarheen die geliefde familielid verdwyn het! Maar tot op hede is van so iets nog nêrens `n spoor gevind nie, en daarom glo ek hier dat jou, origens baie prysenswaardige, versigtigheid te ver gegaan het, veral teenoor die baie oop en opregte Ondervraer!

[3] Ek het egter nou iets heeltemal anders hier bemerk en wel iets baie uitsonderlik, en dit verbaas my baie dat dit jou skerp blik heeltemal ontsnap het!"

[4] **Skabbi** sê: "Nou, wat dan?! Ek sou tog ook iets moes gemerk het, want my oë ontgaan andersins nie so maklik iets nie, en my gevoel is so teer soos `n oggendbriesie. Dit sou my verbaas het as jy iets hier ontdek het wat my oë sou gemis het!"

[5] Die tweede afgevaardigde, wat **Jurah** heet, sê: "Tog wel! Het jy nie gemerk wat die Ondervraer so terloops wou aangee toe Hy ons Elia se visioen in die grot so goed verstaanbaar - asof dit op Homself betrekking gehad het – verklaar het nie?"

[6] **Skabbi** sê: "En wat sou Hy dan daarmee wou aangedui het?"

[7] **Jurah** sê: "Niks anders nie as dat hy Sélf die beloofde Messias is, voor wie se mag alle heersers van die aarde hulle moet buig! Kyk, dit het jou groot versigtigheid heeltemal ontgaan en dit het ek ontdek! Ook hoor my baie gespitste oor hoe die opperstadhouer kort tevore jou Ondersoeker sy 'Meester' genoem het! Iets ongehoords vir `n Romeinse opperbevelhebber! Kyk, dit is suiwer dinge waarmee `n mens uit louter oordrewe versigtigheid tog werklik nie sommer oorheen moet hardloop nie! Maar wat as hierdie seldsame Man moontlikerwys tóg die beloofde Messias sou wees?!"

[8] **Skabbi** sê: "Nou, dan sou hy baie tevrede kan wees met my teregte sorg, want my versigtigheid is juis daarop gerig om die heiligheid van ons godsdiens te bewaar vir die gif van die heidene! Jou waarneming kan sekerlik waarheid bevat, maar sonder die skerpste, mees geheime ondersoek mag ons nie sommer iets aanneem nie, - tensy ons deur die oortuigendste bewyse gewoonweg daartoe gedwing sou word. Want alles wat jy waargeneem het, sou tog `n listige masker kan wees, en dan sou dit baie moontlik kan wees dat ons op die plek wat deur my gevrees was, staan! Wees dus maar kalm, vriend! As sulke dinge waar is, neem die mens dit altyd nog vroeg genoeg aan, want `n oorhaastige aanvaarding sou iemand in `n groot verleentheid kan bring!"

### *Misplaaste vertroue*

**200** Ek gaan nou weer na die Perse toe en sê, terwyl **Ek** My hoofsaaklik tot Skabbi rig: "Wel, wat het julle intussen afgespreek? Beskou jy My nog as `n sluwe jakkals, wat maar net daarop uit is om julle almal vanweë die Messias van die Judeërs, wat deur die Romeine gevrees word, ter beregting in die onverbiddelike hande van die huidige wêreldheerser oor te lewer? Lyk Ek dan werklik soos `n veragtelike verraaier?"

[2] **Skabbi** antwoord `n bietjie verleë: "Goeie, verhewe Vriend! Meestal is ons gesig wel `n spieël van die siel, - maar nie altyd nie! Ek het `n mens geken wie se uiterlike net so volkome gelyk het soos `n saggeaarde en trouhartige engel soos dit vir `n gesonde oog gelyk het en tog was dit slegs `n natuurlike masker, maar die mens was in sy hart `n baarlike* *(\*sonder vermomming)* Satan in ‘optima forma’! (ten volle) Hy was vanweë sy mooi en sierlike gestalte selfs `n gunsteling aan die hof en ook in alle moontlike kunste en wetenskappe was sy verstand so helder soos die mooiste voorjaarsmôre, maar sy hart was swarter en duisterder as die fiktiewe Styx (`n rivier in Hades) van die heidene! Wee elkeen wat hom ooit vriendskaplik benader het! Dit was alles verlore! Die vroue het hom soos besetenes agternageloop, ofskoon elke vrou wat hom benader net so seker `n slagoffer geword het as `n reëndruppel wat nie meer deur die wolk vasgehou kan word nie, en op die aarde val! Maar hy was altyd die onskuldigste, vriendelikste en suiwerste mens! Oral word alles maar net veroorsaak deur onvoorsiene omstandighede. Dit was merkwaardig dat die ongelukkige omstandighede hom nooit getref het nie. Hy kom oral heelhuids daarvan af, slegs diegene wat in sy omgewing gekom het, was altyd hard deur die bose toeval besoek! O, vir sy koning was hy die getrouste dienaar, maar vir elke ondergeskikte was hy `n wonderlike lieflike duiwel!

[3] In die stad van die koning het `n ryk Griek, wat hom egter tot ons geloof bekeer het, met `n jong, wondermooie en lieftallige vrou wat haar man so trou en toegeneë was, soos my regterhand my

liggaam is en ook die wil van my hart. Dit het egter nie so lank geduur nie of die sjarmante duiwel van `n man hoor van die mooi vrou en aanstons was sy kom en gaan so aangepas, dat die vrou hom wel moes teëkom. Die toeval wou dit hê dat die Griek op `n gegewe oomblik in `n afskuwelike klagteprosedure verstrik geraak het met `n gebore en getoë Pers, vanweë `n geweierde terugbetaling van `n baie aansienlike en regmatige skuld wat die Pers by ons Griek gemaak het. Die Pers het sy landgenote as skeidsregters gehad, en hulle het dieselfde aard as hy gehad en daarom kon ons Griek geen reg op die trouelose Pers uitoefen nie en sy woord kon nie standhou teen die Pers nie. Toe sê die vrou, wat wel geweet het dat die skone howeling sy oë al hoe gretiger op haar laat rus: 'Wat dink jy hiervan, as ons die mooi howeling so ver sou kan kry om ons goeie reg by die koning aanhangig te maak?' Die Griek sê: 'Ja, ek weet dat hy jou wel met baie begerige oë aankyk en één woord van jou of van my sou baie kan doen, ook al sou daar alleen maar `n totale sinlose hoop getuienis teenoor ons staan, maar `n mens hoor oor hierdie mooi howeling beslis niks goeds nie! Ja, `n mens sou eerder sy vyand as sy vriend wou wees! Wie so vriendelik met hom omgaan, word sonder meer baie ongelukkig! Daarom skyn dit my met verlies van ons vordering ons die minste van die twee in hierdie bose te wees en ons sal beter daaraan toe wees om die eerste en kleinere aan Majesteit Elohim as offer te bring.'

[4] Daarmee was die mooi, jong vrou heeltemal eens. Maar kort daarna kom ons howeling self na die huis van ons Griek om iets daar te koop, want ons Griek was `n juwelier en het edelstene in goud en silwer geset. Hy het hom baie vriendelik en sjarmant gedra en boesem die Griek vertroue in, hoewel die vrou nou baie goed merk dat sy onwillekeurig bang was vir hierdie aandag van hierdie tewens ook baie ryk en uiters vrygewige man. Want sy het nog nooit gesien dat iemand dadelik die eerste gevraagde prys vir `n juweel betaal het sonder om iets daaroor af te kibbel nie. Daaragter moes iets anders gesteek het!

[5] Die Griek, wat daardeur in `n baie goeie bui was, sê: 'Ag, hierdie man moet maar net vanweë sy skoonheid en beskeidenheid en sy voorreg by die hof baie benyers hê, wat hom beskryf as `n afskuwelike wese en wat hom by die hof verdag wil maak; hy praat egter so kalm en wys soos `n profeet! Waarlik, agter hierdie mens kan niks boos skuil nie!' Dit duur nie lank voordat ons howeling weer by ons Griek uitkom en `n groot in goud gesette diamant koop vir sy tulband wat die koning hom gegee het. Die prys van die diamant bedra honderd pond goud, wat die howeling ook dadelik aan voldoen, want hy het altyd `n groot gevolg by hom gehad wat die nodige skatte vir hom moes dra. Maar die Griek sê aan hom: 'Skone, wyse en baie verhewe vriend, help my slegs aan my geld wat ek nog te vorder het van N.N.* - en dan is hierdie kosbare aankope betaal! U woord vermag alles by die groot koning; ek sal u dankbaar wees!' *(* n.n.= nomen nescio= die naam ken ek nie.)*

[6] Toe sê die howeling: 'More sal u saak bereg word, maar aanvaar desnieteenstaande hierdie goud vir u juweel! Maar omdat ek u heeltemal gratis `n groot diens bewys het, vra ek van u slegs `n geringe teenprestasie. Oor sewe dae organiseer ek op die verjaardag van die groot koning `n groot fees in die groot paradys tuin en ek nooi u uit na die fees, waarby u dan saam met u vrou in feesklere moet verskyn. Ek sal u daar aan die groot koning voorstel en u met u vrou na die koning se tafel bring, waar u en u vrou dan baie gunste kan vra!'

[7] Vir die Griek kom dit baie geleë, omdat hy altyd graag `n hofjuwelier wou word. Maar die vrou sê: 'Ons kan dit nou nie meer verander nie, maar daar sal niks goeds van kom nie, nie vir jou nie en nog minder vir my! Hierdie mens het bose bedoelings met my en dit kan gebeur dat jy aan my sy geoffer sal word! Die beste sal wees om alles in te pak en op die vleuels van die wind pad te gee, vóór die ongelukigsbarende sewende dag sal aanbreek!'

[8] Maar die Griek sê: 'Liewe vrou, versigtigheid is goed, maar om `n groot wantroue te koester teen mense wat iemand nog nooit daadwerklik rede daartoe gegee het nie en van wie `n mens ook niks anders weet as wat bose tonge oor hom versin het en valslik uitgebroei het nie – iets wat `n man van eer baie gou oorkom - is net so onverstandig as `n immorele ligsinnigheid!' Die sagsinnige vrou neem genoeë met hierdie baie verstandige teregwysing. Die volgende dag moes die skuldige Pers die Griek alles betaal.

[9] Die rampsalige, sewende dag breek aan soos `n onoorkombare noodlot en die mense gaan feestelik gekleed na die paradys van die koning. Daar was oral vlamme en lig. Van alle kante straal die goud en edelgesteentes meer as die helderste sterre aan die nagtelike hemel, en musiek en gesang klink deur die lane van die groot tuin wat met digte loof omhein was. Beide hoef egter nie lank te gewag het voordat hulle deur ons howeling ontdek word nie en dadelik in die groot tuintempel aan die koning voorgestel word en vriendelik deur hom ontvang is. In die midde van die groot suiltempel was `n groot aantal onbeskryflike mooi tafels en sykussings opgestel en op die tafels staan groot goue bakke vol van die heerlikste geregte, en in groot kristalbekers skitter kostelike wyn en nog `n aantal ander kruiedranke. Ons Griek moes aan die tafel langs die groot koningstafel sy plek inneem, maar sy mooi vrou word aan die koningstafel geplaas. Die mense eet en drink `n tyd lank baie gemoedelik. Maar ons Griek begin baie gou baie siek te voel, want hy het `n drankie wat met gif vermeng was, ingekry en hy moes na sy huis gebring word. Die vrou word egter na die vertrekke van die koning gebring en moes daar onder bedreiging van die dood alles met haar laat doen, net so lank as wat hulle genoeg van haar gehad het. Hoewel die Griek nie van die gif gesterf het nie, is hy nog tot op hierdie oomblik verlam, en hoe toegetakel sy vrou daar uitgesien het toe sy na sewe dae tuiskom, kan elkeen homself wel voorstel!

[11] Dit was die resultaat van `n te vinnige vertroue in `n mens, wat uiterlik aan elkeen alle vertroue ingeboesem het, terwyl sy hart deur `n hele horde van die ergste duiwels bewoon was. Die twee egter, wat dit nie so lank gelede beleef het nie, sit vanweë hulle swakte daar eenkant en kan dit wat ek nou vertel het met hulle eie woorde bevestig! Vriend, as `n mens sulke dinge meegemaak het, weet `n mens werklik wel waarteen `n mens versigtig moet wees!"